

Sing vooraf staande: Psalm 63:4 (p. 308)

- 4 U was, o God, 'n hulp vir my. / U het u vleuels uitgesprei
om met beskerming my te dek / en jubels in my hart te wek.
O God, só met my lot begaan, / hoe kleef my siel U agteraan!
Vertrouensvol op U geleun, / voel 'k hoe u hand my ondersteun.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van
God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 85:3 (p. 429) (Wysie Ps 2)

- 3 Ek sal nou wag en luister, want ek weet / dat God die HEER sy volk nie sal vergeet.
Hy sal, wanneer sy gunsgenote smee, / hul roepstem hoor en weer van vrede spreek.
Maar laat sy volk dan nie onagsaam weer / die voetstap na die pad van dwaasheid keer;
Gods heil's naby – dat luisterryk en skoon / die heerlikheid weer in ons land kan woon.

Geloofsbelydenis: Apostolies

Na die wet sing ons Psalm 102:1 (p. 498)

Wet

Psalm 102:1 (p. 498)

- 1 HEER, u goedheid is onendig; / hoor my as ek diep ellendig,
as ek in my krag verkort, / klag voor U soos water stort.
Hoor die hulproep van 'n lyer, / wil u aanskyn hom nie weier;
hoor in nood, en hoor my nou, / help my, HEER, ag, help my gou!

Gebed

Psalm 77:5 (p. 385)

- 1 Sou God sy gená vergeet het? / Van my onheil nie geweet het?
Is ontferming dan vir my / deur sy gramskap afgesny?
Ja, Gods hand, voorheen grootdadig, / red ons nou nie meer genadig,
ons wat diep ellendig is – / dit is my bekommernis!

Skriflesing: Markus 4:35-41

Teks: Markus 4:38

**Maar Hy was agter op die skuit aan die slaap op die kussing. En hulle het Hom wakker
gemaak en vir Hom gesê: Meester, gee U nie om dat ons vergaan nie?** (Markus 4:38
AFR1953)

In die skuit wou die dissipels weet of die Here dan nie omgee nie.

- Uit die gedeeltes in die Bybel waarna ons gaan kyk, **is dit duidelik dat dit nie God is wat nie omgee nie; dit is ons wat nie omgee nie.**
- Die leefstyl van die meeste mense is dat hulle God vergeet, maar as daar nood opduik, dan word die Here tot verantwoording geroep en gevra waarom Hy ons vergeet.

Daar staan in die Ou Testament geskryf dat die doderyk die bestemming van die skuldiges is. Dié wat God vergeet, sal teruggaan na die doderyk (Psalm 9:17 (9:18)).

Die dissipels het die Here Jesus half verwykend wakker gemaak met hierdie vraag:

Meester, gee U nie om dat ons vergaan nie?

- Hulle het gevoel die dood bedreig hulle, want hulle skuit kon enige oomblik sink en die Here lê en slaap op 'n kopkussing.
- Dit lyk asof hulle die indruk gehad het dat **die Here nie omgee** of hulle boot gaan sink en hulle almal verdrink nie.

Baie kere gebruik Hy ons spanning en lyding op 'n wonderbaarlike wyse om verlossing vir onself en vir ander mense tot stand te bring.

- Dink daaraan dat Josef seker nie verstaan het waarom sy broers hom in 'n put gegooi het met die doel om hom dood te maak nie.
- Hy het seker nie verstaan waarom die Here dit toelaat dat hy verkoop word en later ook nog in die tronk moet wees nie.
- Maar dit was God se pad dat sy familie na die veilige beskutting toe moes gaan wat God vir hulle voorberei het.

So het die Here die dissipels se angs gebruik om hulle geloof te laat groei en om sy almag te verstaan. Die Here openbaar daarmee dat Hy wel omgee en dat Hy in die donkerste oomblikke by die gelowige is.

Die probleem kom daarby dat party mense net wanneer hulle in die nood is vra: "Het die Here ons vergeet?"

- Wanneer ons blydschap of voorspoed beleef, is daar baie keer nie hierdie soeke na God nie.
- Dan is daar nie hierdie dringende behoefte daaraan **dat die Here moet omgee** nie.

Kyk na twee manne wat van hulle kant af die Here vergeet het en op 'n stadium *nie vir die Here omgegee het nie*.

- Die een is Petrus en die ander een is Judas. Daar is 'n merkwaardige ooreenkoms tussen hierdie twee manne – maar tog gaan die een verlore en die ander een word gered.
 - Al twee is lede van die politieke party wat as die Sicarii (die swaarddraers) bekend gestaan het.
 - Al twee van hulle verraai of verloën die Here.
- Judas doen dit deur te bevestig dat hy die Here juis ken:
 - Hy wys Hom uit deur Hom 'n soen te gee sodat hulle Hom gevange kon neem.
- Petrus doen dit deur te ontken dat hy die Here ken.
 - Hy het gesweer dat hy die Man nie ken nie.

Al twee is ontsteld oor wat hulle gedoen het. Al twee is na die tyd bedroef.

- Petrus se droefheid gaan daaroor dat hy sonde gedoen het.
- Judas se droefheid lê op heeltemal 'n ander vlak – sy droefheid gaan daaroor dat hy ontsteld is oor die gevolge van sy sonde.

Hiervandaan verder kom die verskil tussen die twee manne na vore.

En dadelik het die haan gekraai, en Petrus het die woord van Jesus onthou wat Hy vir hom gesê het: Voor die haan kraai, sal jy My drie maal verloën. En hy het buitentoe gegaan en bitterlik geween.
(Matteus 26:75 AFR1953)

Die oomblik toe die haan kraai, het Petrus onthou wat Jesus gesê het: "Voordat die haan kraai, sal jy My drie maal verloën."

- Petrus gaan uit in die stilte van die nag en hy het bitterlik gehuil.

Hy het in sy berou die stilte gaan opsoek waar God is.

- Daarna het hy by die kring van die gelowiges gebly.
- Hy het nie die gemeenskap van die kerk verlaat nie (Matteus 26:75).

Die styl van die Here is om mense wat berou het te vergewe en weer voluit terug te plaas in sy genade. Luister na 'n paar sulke uitsprake in die Bybel:

Maar weens sy verootmoediging het die toorn van die Here van hom gewyk, sodat Hy hom nie geheel en al vernietig het nie; ook was daar in Juda nog goeie dinge. (2 Kronieke 12:12 AFR1953)

Maar Jehiskía het hom verootmoedig in die hoogmoedigheid van sy hart, hy en die inwoners van Jerusalem, sodat die toorn van die Here nie oor hulle gekom het in die dae van Jehiskía nie. (2 Kronieke 32:26 AFR1953)

. . . en my volk, oor wie my Naam uitgeroep is, hulle verootmoedig en bid en my aangesig soek en hulle bekeer van hul verkeerde weë, dan sal Ek uit die hemel hoor en hulle sonde vergewe en hulle land genees. (2 Kronieke 7:14 AFR1953)

Want my hand het al hierdie dinge gemaak, en so het dit alles ontstaan, spreek die Here. Maar op hierdie een sal Ek let: op hom wat arm is en verslae van gees, en wat bewe vir my woord. (Jesaja 66:2 AFR1953)

Judas het anders opgetree. *Judas het na die kerkgebou toe gegaan – maar nie om te bid nie. Hy het gaan rusie maak en sy werk ongedaan probeer kry.*

Daarna het Judas, sy verraaiër, toe hy sien dat Hy veroordeel was, berou gekry en die dertig silwerstukke teruggebring na die owerpriesters en die ouderlinge (Matteus 27:3 AFR1953)

Hy het met hulle geargumenteer en sy verraad ongedaan probeer maak deur die geld terug te gee.

- Hulle het hom geantwoord dat hulle niks met hom te doen het nie.
- Hy kan maar self toesien.
- Uiteindelik het hy die verraadgeld op die vloer neergegooi en gaan selfmoord pleeg.

Die verskil tussen Judas en Petrus is dat Petrus berou gekry het en Judas het spyt gekry.

- Berou is altyd wanneer daar hartseer is oor iets wat teenoor die Here verkeerd gedoen is.
 - 'n Persoon wat berou het, wil dan altyd sy saak met die Here regmaak.
 - In Hebreërs het ons die voorbeeld van Esau wat nie tyd gehad het vir berou nie.

Want julle weet dat hy, toe hy ook later die seën wou beërwe, verwerp is, want hy het geen geleentheid vir berou gevind nie, al het hy dit met trane vurig begeer. (Hebreërs 12:17 AFR1953)

- Spyt is iets anders as berou. Spyt is wanneer 'n mens iemand anders of homself benadeel en dan voel hy nie lekker daarvoor nie, omdat hy beter kon gevaar het. Die volgende uitspraak in Esegïel is 'n voorbeeld wat dit verduidelik:

Die tyd het gekom, die dag is naby; laat die koper nie bly wees nie en die verkoper nie treur nie; want toornloed is daar oor die hele menigte van die land. (Esegïel 7:12 AFR1953)

Die einde van Petrus se berou was die ewige lewe wat God in Jesus Christus gee, terwyl die einde van Judas se spyt die ewige dood was.

Die waarskuwing is duidelik:

- Waar daar net spyt is, sluit 'n donker gordyn die geskiedenis van daardie mens af.
- Maar waar die Here se genade onthou word en die sondaar die Here met ware berou gaan soek, daar is vergewing van sondes en die ewige lewe.

In die skuit wou die dissipels weet of die Here dan nie omgee nie.

- Uit die stuk geskiedenis waarna ons gekyk het, is dit duidelik dat dit nie God is wat nie omgee nie; dit is ons wat nie omgee nie.
- Dikwels is die manier waarop ons die *onthou* hanteer, om nog meer verkeerde dinge doen.

Kom ons kyk wat die Here alles onthou en hoe Hy onthou.

- In sy onthou staan die genade van die Here eerste. Die profeet Jesaja skryf dat die Here ons nooit vergeet nie, al doen ons ook sonde. Hy het dit so neergeskryf:

Dink aan hierdie dinge, o Jakob en Israel! Want jy is my kneg; Ek het jou geformeer; jy is my kneg, Israel! Jy sal deur My nie vergeet word nie.

(Jesaja 44:21 AFR1953)

Op 'n ander plek staan daar in die Bybel dat God nie onregverdig is om ons werk en die liefde-arbeid wat ons betoon het vir sy Naam te vergeet nie. Die profeet Amos het ook geskryf dat die Here 'n eed by Homself afgelê het dat Hy nooit die goeie dinge wat ons gedoen het, sal vergeet nie! (Amos 8:7).

Want God is nie onregverdig om julle werk te vergeet nie en die liefde-arbeid wat julle betoon het vir sy Naam, omdat julle die heiliges gedien het en nog dien. (Hebreërs 6:10 AFR1953)

Die HERE het gesweer by die hoogheid van Jakob: Gewis, Ek sal in ewigheid nie een van hulle werke vergeet nie. (Amos 8:7 AFR1953)

Dit is baie gevaarlik om te wil dink dat ons ons op die Bybel kan beroep en sê dat God nie onregverdig is nie en dat Hy ons werk nie sal vergeet (Hebreërs 6:10) *as ons lewe nie daadwerklik sulke werke vertoon nie.*

- As jy jou op die Here se genade wil beroep, moet jou lewe darem wys dat jy in die Here lewe.
- Die Heilige Gees skryf in God se Woord dat die HERE luister na die behoeftiges. Die Here slaan ag op die armes. Daar staan in Psalm 69:34 dat Hy nie sy mense wat gevangenes is vergeet nie. (NAV). (69:34) **Want die HERE luister na die behoeftiges en verag sy gevangenes nie.** (Psalms 69:33 AFR1953)

Dit bring ons vanself by die tweede ding wat die Here altyd onthou.

- *Hy vergeet nie om die mense te straf wat nie tot bekering wil kom nie.* Dink maar net aan die woorde wat in Openbaring 16:19 geskryf staan:
En die groot stad is in drie dele verdeel, en die stede van die nasies het geval. En die groot Babilon is in gedagtenis gebring voor God, om haar te gee die beker met die wyn van die grimmigheid van sy toorn. (Openbaring 16:19 AFR1953)

Waar staan ons wat in die Here glo?

- As ons na die geskiedenis kyk, lyk dit ook asof dit die geval kan wees dat daar tye is wanneer die Here nie omgee nie.
- Kyk net hoe geweldig is die Israeliete in Egipte verdruk: Hulle moes swaar werk doen en hulle seuntjies is vir die krokodille in die Nyl gegooi.

Die Here troos ons egter.

- Hy is deur Jesus Christus vir ons 'n Vader wat met ewige teerheid op ons neerkyk as ons in smart of in pyn is.
- Die Kruis is juis die waarborg dat Hy vir ons in sulke tye sorg.
- Hy dra ons deur beproewings. Hy gee aan ons krag wanneer ons swak is. Dit bewys Hy vir die dissipels met die wind wat Hy stilmaak en die kalmte wat op die see gaan lê het.

Tog wil die Here hê dat ons Hom moet smee om genade wanneer die tye vir ons donker lyk. Hy wil hê ons moet moed hou. Daarom moet ons sterk wees in die Here, en die Here soek in ons nood.

God het 'n heerlike doel met ons beproewings.

- Hy wil hê dat ons hele menswees moet versag sodat ons van alle hoogmoed en oorskating van ons eiewaarde gestroop kan word.
- Hy wil hê dat ons ons breekbaarheid en sondige vervallenheid moet belewe sodat ons soveel skerper kan verstaan wat genade is as Hy ons daaruit haal.

Dit is van ons wat die Bybel praat as daar geskryf staan dat hulle die pad na Sion toe sal vra, en hulle sal na die Here toe gaan en sê:

Hulle sal na Sion vra; op die pad hierheen sal hulle aangesig gerig wees; hulle sal kom en by die HERE aansluit in 'n ewige verbond wat nie vergeet sal word nie. (Jeremia 50:5 AFR1953)

Luister weer: 'n Blywende verbond wat nie vergeet sal word nie – dit is die vergifnis van God deur Jesus Christus se kruisdood.

- Die verbond is dat ons sondes klaar gestraf is sodat ons vergewe kan word en vir ewig kan lewe.
- Ons is al dié wat nooit deur die Here vergeet sal word nie, as ons met ware berou om vergifnis vra vir al ons sondes en verder lewe met die wil om God te dien.

Amen.

Slotgebed

Slotpsalm 121:4 (p. 608)

- 4 Die HEER sal jou bly gadeslaan; / in onheil en gevaar
sal Hy jou siel bewaar. / Wanneer jy uit of in mag gaan
Hy, Israels ontfermer, / is ewig jou beskermer.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis

Gereformeerde Kerk Bellville

Datum: 16 Mei 2010